

WET OP DIEREVERBETERING 62 VAN 1998

[GOEDGEKEUR OP 16 SEPTEMBER 1998] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 21 NOVEMBER 2003]

(Engelse teks deur die Waarnemende President geteken)

WET

Om voorsiening te maak vir die teling, identifisering en benutting van geneties meerderwaardige diere ten einde die produksie en prestasie van diere in belang van die Republiek te verhoog; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"advertensie", met betrekking tot 'n dier of genetiese materiaal en met betrekking tot 'n insemineerder, semenopvanger, embryo-opvanger, embryo-oorplaser, dieretelersgenootskap of registrerende owerheid, enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof of mondelinge verklaring, medeling, voorstelling of verwysing wat onder die aandag van 'n lid van die publiek gebring word, en wat bedoel is om die verkoop te bevorder of die gebruik van sodanige dier of genetiese materiaal aan te moedig, of wat bedoel is om die dienste van 'n insemineerder, semenopvanger, embryo-opvanger, embryo-oorplaser, dieretelersgenootskap of registrerende owerheid aan te bied; en het **"adverteer"** 'n ooreenstemmende betekenis;

"appèlraad" 'n appèlraad in artikel 23 vermeld;

"beampte" 'n beampte soos omskryf in artikel 1 (1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), saamgelees met artikel 1 van die Staatsdienswysigingswet, 1996 (Wet 13 van 1996);

"Departement" die Departement van Landbou in die nasionale regering;

"dier" 'n soort dier of 'n dier van 'n vermelde ras van so 'n soort dier wat ingevolge artikel 2 as 'n dier vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar is;

"dieretelersgenootskap" 'n groep persone wat die teelt, die aantekening of registrasie, die genetiese verbetering en die gebruik van 'n soort dier of 'n dier van 'n vermelde ras van daardie soort dier bevorder, wat rasstandaarde bepaal en toepas, wat in sy uitsluitlike diskresie die aantekening of registrasie van 'n dier of 'n vermelde ras van 'n soort dier geteel in of ingevoer na die Republiek aanbeveel en wat ingevolge artikel 8 (7) (a) (i) geregistreer is;

"diereverbetering" die wetenskaplik gefundeerde identifisering van geneties meerderwaardige diere deur middel van die geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel, of op 'n wyse deur die registrateur goedgekeur, en die oordeelkundige aanwending daarvan ten einde die produksie- of prestasievermoë van die dierepopulasie in belang van die Republiek te verbeter;

"Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van die Departement;

"eisel" die eisel van 'n dier;

"embrio" 'n bevrugte eisel van 'n dier;

"embrio-oorplaser" iemand wat die oorplasing van ova of embryo's in ontvangende vroulike diere uitvoer en wat ingevolge artikel 8 (6) (a) as sodanig geregistreer is ten opsigte van die soort dier waarvoor hy of sy die voorgeskrewe onderrigkursus voltooi het;

"embrio-oorplasing" die handeling om 'n eisel of embryo in 'n vroulike dier in te plant;

"embrio-opvanger" iemand wat genetiese materiaal opvang, evalueer, verwerk, verpak of opberg, of wat die kunsmatige inseminering of oorplasing van eiselle of embrio's na ontvangende vroulike diere uitvoer en wat ingevolge artikel 8 (6) (a) as sodanig geregistreer is ten opsigte van die soort dier waarvoor hy of sy die voorgeskrewe onderrigkursus voltooi het;

"geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel" die rekenaarsstelsel wat ingestel is in samewerking met die Departement, om die stambome en prestasie-data van diere te integreer;

"genetiese materiaal" eiselle, embrio's, semen en enige ander materiaal afkomstig van 'n dier waardeur die erflikheidsfaktore van daardie dier oorgedra kan word;

"hierdie Wet" ook die regulasies;

"insemineerder" iemand wat die kunsmatige inseminering van diere uitvoer en wat ingevolge artikel 8 (6) (a) as sodanig geregistreer is ten opsigte van die soort dier waarvoor hy of sy die voorgeskrewe onderrigkursus voltooi het;

"invoer" om 'n dier of genetiese materiaal van buite die Republiek af in die Republiek in te bring of sodanige inbring van 'n dier of genetiese materiaal in die Republiek te bewerkstellig;

"invoeragent" iemand wat genetiese materiaal namens iemand anders invoer en wat ingevolge artikel 8 (6) (a) as sodanig geregistreer is;

"landras" 'n bepaalde ras van 'n soort dier wat inheems is aan of ontwikkel is in die Republiek;

"Minister" die minister verantwoordelik vir landbou;

"ras" 'n populasie van diere wat 'n nageslag voortbring wat oor 'n hoë graad van genetiese stabiliteit beskik soos blyk uit identifiseer bare eenvormigheid in rasstandaarde en -prestasie.

"rasstandaarde" 'n geskrewe stel fenotipiese of genotipiese voortrefflike standaarde vir 'n soort dier wat ingevolge die grondwet van 'n dieretelersgenootskap vasgestel en toegepas is;

"register" die register ingevolge artikel 5 gehou;

"registreerder" die beamppte wat ingevolge artikel 3 as Registrateur van Veeverbetering aangewys is;

"registrerende owerheid" 'n dieretelersgenootskap of 'n groep dieretelersgenootskappe wat ingevolge artikel 8 (7) (a) (ii) as sodanig geregistreer is;

"regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is;

"semen" die saad van 'n dier;

"semenopvanger" iemand wat semen opvang, evalueer, verwerk, verpak of opberg, of die kunsmatige inseminering van 'n dier uitvoer en wat ingevolge artikel 8 (6) (a) as sodanig geregistreer is ten opsigte van die soort dier waarvoor hy of sy die voorgeskrewe onderrigkursus voltooi het;

"sentrum" 'n perseel wat ingevolge artikel 8 (6) (b) vir die opvang, evaluering, verwerking, verpakking, etikettering, opberging en verkoop van semen, embrio's of eiselle, na gelang van die geval, van diere, geregistreer is;

"skema" 'n skema kragtens artikel 20 ingestel;

"skenkerdier" 'n dier wat ingevolge artikel 8 (6) (c) vir die opvang van genetiese materiaal goedgekeur is;

"stamboekdier" 'n dier wat in die kuddeboek, gehou deur 'n registrerende

owerheid, geregistreer of aangeteken is en het "stoetdier", "volbloeddier" "geregistreerde dier" en "aanstekende dier" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**teler**" die eienaar van 'n telende vroulike dier ten tyde van natuurlike of kunsmatige bevrugting of tydens die geboorte van nageslag;

"**uitvoer**" om 'n dier of genetiese materiaal vanuit die Republiek na 'n land of gebied buite die Republiek te neem of te stuur of om 'n dier of genetiese materiaal aldus te laat uitneem of uitstuur;

"**veearts**" iemand wat ingevolge die Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, 1982 (Wet 19 van 1982), geregistreer is om 'n veterinêre beroep soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet, te beoefen;

"**verkoop**" ook ooreenkom om te verkoop, vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, stuur, vervoer, of lewer vir verkoop, in of buite die Republiek of op enige wyse hetsy teen 'n teenprestasie of andersins, aan iemand uitruil, van die hand sit of lewer; en het "**verkoop**", wanneer dit as 'n naamwoord gebruik word, 'n ooreenstemmende betekenis; en

"**voorgeskryf**" by regulasie voorgeskryf.

2 Toepassing van Wet

(1) Hierdie Wet is van toepassing met betrekking tot enige soort dier, of 'n dier van 'n bepaalde ras van so 'n soort dier wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* as 'n dier vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar.

(2) In die geval van 'n nuwe soort dier of 'n nuwe ras van so 'n soort dier wat in die Republiek ingevoer of geteel staan te word, maak die Minister so 'n verklaring na oorweging van die aansoek, met inagneming van die internasionale reg en na oorweging van kommentaar ontvang in reaksie op 'n uitnodiging deur die registrateur aan belanghebbendes om kommentaar op 'n voorgestelde verklaring te lewer wat minstens 30 dae voor sodanige verklaring in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

(3) Verskillende soorte diere of rasse van daardie soort diere kan aldus met betrekking tot verskillende bepalings van hierdie Wet verklaar word: Met dien verstande dat 'n dier of genetiese materiaal soos bedoel in artikel 17 slegs verklaar word na ontvangs van 'n spesifieke skriftelike aansoek aan die Minister deur die betrokke dieretelersgenootskap.

(4) Die Minister kan verklaar dat die een of ander bepaling van hierdie Wet slegs van toepassing is-

(a) in een of meer bepaalde gebiede van die Republiek; of

(b) op een of meer vermelde lande.

3 Aanwysing van registrateur

(1) Die Minister wys 'n beamppte van die Departement, wat oor 'n geskikte tersiêre kwalifikasie op die gebied van diereverbetering beskik, as Registrateur van Diereverbetering aan, wat die bevoegdhede uitoefen en pligte verrig wat kragtens hierdie Wet aan die registrateur verleen of opgedra is.

(2) (a) Die registrateur kan die bevoegdhede of pligte in subartikel (1) bedoel, skriftelik aan 'n beamppte wat oor geskikte kwalifikasies en vaardighede beskik, delegeer, of kan so 'n beamppte skriftelik magtig of gelas om sodanige bevoegdhede of pligte uit te oefen of te verrig.

(b) 'n Bevoegdheid uitgeoefen of plig verrig deur 'n beamppte in paragraaf (a) bedoel, word geag deur die registrateur uitgeoefen of verrig te wees.

(c) 'n Beslissing of opdrag geneem of gegee deur 'n beampte in paragraaf (a) bedoel, kan deur die registrateur ingetrek of gewysig word, en word, totdat dit aldus ingetrek of gewysig is, geag, behalwe by die toepassing van hierdie paragraaf, deur die registrateur geneem of gegee te gewees het.

4 Diskresionêre bevoegdhede van registrateur

(1) (a) 'n Diskresionêre bevoegdheid wat ingevolge hierdie Wet aan die registrateur verleen word, behalwe dié by artikel 16 of 17 verleen, word nie deur hom of haar tot nadeel van 'n aansoeker of iemand anders wat na die oordeel van die registrateur 'n belanghebbende is, uitgeoefen nie sonder dat hy of sy aan die aansoeker of ander persoon 'n geleentheid gegee het om binne die voorgeskrewe tydperk of, indien 'n tydperk nie voorgeskryf is nie, binne die redelike tyd wat die registrateur bepaal, aangehoor te word.

(b) 'n Aansoeker of ander persoon in paragraaf (a) bedoel, kan afstand doen van die reg om aangehoor te word.

(2) Wanneer 'n tydperk ingevolge hierdie Wet bepaal word waarbinne 'n handeling verrig of enigiets gedoen moet word, kan die registrateur, behoudens die bepaling van artikel 16, die betrokke tydperk verleng, hetsy voordat of nadat dit verstryk het.

5 Register

(1) Die registrateur hou 'n register van semenopvangers, insemineerders, embriopvangers, embrio-oorplasers, invoeragente, sentrums, skenkerdiere, dieretelersgenootskappe en registrerende owerhede wat geregistreer of goedgekeur is en waarin die voorgeskrewe besonderhede met betrekking tot sodanige semenopvangers, insemineerders, embrio-opvangers, embrio-oorplasers, invoeragente, sentrums, skenkerdiere, dieretelersgenootskappe en registrerende owerhede aangeteken word.

(2) Die register is by betaling van die voorgeskrewe geld by die kantoor van die registrateur gedurende werksure ter insae beskikbaar.

(3) Die registrateur verstrek aan enigiemand op sy of haar versoek en by betaling van die voorgeskrewe geld 'n afskrif van enige besonderhede in die register aangeteken of 'n sertifikaat ten opsigte daarvan.

6 Register dien as bewys

(1) Die register dien as *prima facie*-bewys van alle aangeleenthede wat deur hierdie Wet gelas of gemagtig word om daarin aangeteken te word.

(2) 'n Sertifikaat wat voorgee om deur die registrateur onderteken te wees ten effekte dat 'n inskrywing wel in die register gemaak is of nie gemaak is nie of dat enigiets anders wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om gedoen te word, wel gedoen is of nie gedoen is nie, is *prima facie*-bewys van die aangeleenthede in daardie sertifikaat vermeld.

(3) 'n Afskrif van 'n inskrywing in die register of 'n uittreksel uit die register wat voorgee om deur die registrateur gesertifiseer te wees, word sonder verdere bewys of voorlegging van die oorspronklike in 'n geregshof as getuienis toegelaat.

7 Vereistes vir registrasie of goedkeuring

(1) 'n Semenopvanger, insemineerder, embrio-opvanger of embrio-oorplaser kan as sodanig geregistreer word indien-

(a) hy of sy die voorgeskrewe onderrigkursus met welslae voltooi het;

(b) 'n veearts wat vir die doel deur die registrateur aangewys is, in die vorm deur die registrateur bepaal, gesertifiseer het dat die semenopvanger,

insemineerder, embrio-opvanger of embrio-oorplaser, na gelang van die geval, volgens sy of haar oordeel oor voldoende praktiese en teoretiese kennis beskik aangaande die wyse waarop, in die geval van 'n semenopvanger, semen of, in die geval van 'n embrio-opvanger, embrio's of eiselle ingevolge hierdie Wet opgevang, geëvalueer, verwerk, verpak of opgeberg kan word, en waarop diere, in die geval van 'n semenopvanger, insemineerder of embrio-opvanger aldus kunsmatig geïnsemineer of, in die geval van 'n embrio-opvanger of embrio-oorplaser, met 'n eisel of embrio ingeplant word; en

(c) hy of sy voldoen aan die ander vereistes wat voorgeskryf is.

(2) 'n Invoeragent kan as sodanig geregistreer word indien hy of sy skriftelik teenoor die registrateur onderneem om van 'n doeane-inklaringsfasiliteit en laboratorium gebruik te maak, wat aan die voorgeskrewe vereistes vir alle genetiese materiaal wat deur hom of haar namens iemand anders ingevoer word, voldoen.

(3) 'n Perseel waar genetiese materiaal opgevang, geëvalueer, verwerk, verpak, geëtiketteer, opgeberg en verkoop word, kan as 'n sentrum geregistreer word, indien-

(a) die voorgeskrewe fasiliteite vir daardie doel op daardie perseel beskikbaar is;

(b) die tegniese bedrywighede by so 'n perseel met betrekking tot die versorging van diere wat daar gehou word, en die opvang, evaluering, verwerking, verpakking, etikettering en opberging van genetiese materiaal daarop, beheer en bestuur word deur 'n persoon wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen; en

(c) daardie perseel voldoen aan die ander vereistes wat voorgeskryf is.

(4) 'n Dier kan as 'n skenkerdier van genetiese materiaal goedgekeur word, indien-

(a) 'n veearts in die vorm deur die registrateur bepaal, gesertifiseer het dat daardie dier aanvaarbaar is ten opsigte van-

(i) algemene gesondheidstoestand;

(ii) afwesigheid van siekte;

(iii) kwaliteit van sy semen waar toepaslik; en

(iv) enige ander hoedanighede wat voorgeskryf is;

(b) daardie dier aan die ander voorgeskrewe vereistes voldoen.

8 Registrasie of goedkeuring

(1) Iemand wat-

(a) verlang om as 'n semenopvanger, insemineerder, embrio-opvanger, embrio-oorplaser, of invoeragent geregistreer te word; of

(b) verlang-

(i) dat 'n perseel as 'n sentrum geregistreer word; of

(ii) dat 'n dier as 'n skenkerdier vir genetiese materiaal goedgekeur word,

doen by die registrateur daarom aansoek in die vorm wat die registrateur bepaal en op die voorgeskrewe wyse, en so 'n aansoek gaan vergesel van die voorgeskrewe aansoekgeld vir die betrokke soort registrasie of goedkeuring.

(2) 'n Groep persone wat verlang om as 'n dieretelersgenootskap geregistreer te word, moet by die registrateur daarom aansoek doen in die vorm wat die registrateur bepaal en op die voorgeskrewe wyse, en bedoelde aansoek gaan vergesel van die

dieretelersgenootskap se grondwet, en die voorgeskrewe aansoekgeld.

(3) 'n Dieretelersgenootskap of groep dieretelersgenootskappe wat verlang om as 'n registrerende owerheid geregistreer te word, doen by die registrateur daarom aansoek in die vorm wat die registrateur bepaal en op die wyse wat voorgeskryf is, en bedoelde aansoek gaan vergesel van die registrerende owerheid se grondwet, en die voorgeskrewe aansoekgeld.

(4) Die registrateur oorweeg 'n aansoek ingevolge subartikel (1), (2) of (3) gedoen, en kan enige ondersoek in verband daarmee doen wat hy of sy nodig ag.

(5) Indien die registrateur weier om 'n aansoek toe te staan wat ingevolge subartikel (1), (2) of (3) gedoen is, stel hy of sy die aansoeker skriftelik in kennis van sy of haar beslissing en die gronde waarop dit gegrond is.

(6) Indien die registrateur oortuig is dat 'n aansoek in subartikel (1) bedoel, toegestaan kan word-

- (a) registreer hy of sy die aansoeker as 'n semenopvanger, insemineerder, embryo-opvanger, embryo-oorplaser of invoeragent, na gelang van die geval, en reik aan hom of haar 'n registrasiesertifikaat uit; of
- (b) registreer hy of sy die perseel as 'n sentrum en reik aan die aansoeker 'n registrasiesertifikaat uit; of
- (c) staan hy of sy die aansoek om die goedkeuring van die betrokke dier as 'n skenkerdier toe en reik hy of sy ten opsigte van daardie goedkeuring aan die aansoeker 'n sertifikaat van goedkeuring uit,

en teken hy of sy die toepaslike voorgeskrewe besonderhede in die register aan.

(7) Indien die registrateur oortuig is dat 'n aansoek in subartikel (2) of (3) bedoel, toegestaan kan word-

- (a) registreer hy of sy-
 - (i) die groep persone as 'n dieretelersgenootskap; of
 - (ii) die dieretelersgenootskap of groep dieretelersgenootskappe as 'n registrerende owerheid,en reik aan die dieretelersgenootskap of die registrerende owerheid, na gelang van die geval, 'n registrasiesertifikaat uit;
- (b) teken hy of sy die toepaslike voorgeskrewe besonderhede in die register aan;
- (c) gee hy of sy slegs by eerste registrasie in die *Staatskoerant* kennis van die registrasie van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid, na gelang van die geval, en van die datum waarvandaan die betrokke registrasie geldig is en stel hy of sy die Registrateur van Maatskappye daarvan in kennis, wat so gou moontlik na daardie datum die naam van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid, na gelang van die geval, aanteken in die register van maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), gehou word.

(8) Die registrasie van 'n persoon as 'n semenopvanger, insemineerder, embryo-opvanger, embryo-oorplaser of invoeragent, of van 'n perseel as 'n sentrum, of van 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid, of die goedkeuring van 'n dier as 'n skenkerdier, is onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet en die voorgeskrewe voorwaardes.

(9) (a) 'n Dieretelersgenootskap of registrerende owerheid is vanaf die datum van

sy registrasie in subartikel (7) bedoel, 'n regs persoon.

(b) Behoudens paragraaf (c), is die bepaling van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), nie op 'n dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid van toepassing nie.

(c) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige bepaling van die Maatskappywet, 1973, wat met die bepaling van hierdie Wet bestaanbaar is, op 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid van toepassing verklaar, met die wysigings wat in die kennisgewing uiteengesit word, en kan so 'n kennisgewing intrek of wysig.

(d) Die bates, laste, regte en verpligtinge wat iemand in sy of haar hoedanigheid as lid van die groep persone in subartikel (2) bedoel ten behoeve van die lede van daardie groep besit, of waarvoor so 'n persoon ten behoeve van daardie lede aanspreeklik is, gaan vanaf die datum van registrasie in subartikel (7) bedoel, oor op die betrokke dieretelersgenootskap.

9 Hernuwing van registrasie of goedkeuring

(1) 'n Registrasie of goedkeuring ingevolge artikel 8 (6) is, behalwe in geval van die beëindiging daarvan ingevolge artikel 10, geldig vanaf die datum van uitreiking van die sertifikaat tot die vervaldatum daarop aangedui, en is daarna van tyd tot tyd hernubaar.

(2) (a) Iemand aan wie 'n sertifikaat ingevolge artikel 8 (6) uitgereik is, kan binne die voorgeskrewe tyd en op die voorgeskrewe wyse by die registrateur aansoek doen om die hernuwing van die betrokke registrasie of goedkeuring, en so 'n aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe hernuwingsgeld vir die betrokke registrasie of goedkeuring, asook van die inligting of stukke in verband daarmee wat voorgeskryf is of wat die registrateur verlang.

(b) Die bepaling van artikel 8 (4), (5), (6) en (8) is met die nodige veranderinge van toepassing ten opsigte van 'n aansoek in paragraaf (a) vermeld.

(c) 'n Hernuwing ingevolge paragraaf (b) toegestaan, is behoudens die vroeëre beëindiging daarvan ingevolge hierdie Wet geldig vir die voorgeskrewe tydperk, en 'n aansoek om die verdere hernuwing daarvan moet binne die voorgeskrewe tydperk ooreenkomstig die bepaling van paragraaf (a), saamgelees met paragraaf (b), gedoen word.

(d) Die registrateur oorweeg nie 'n aansoek om die hernuwing van 'n registrasie of goedkeuring wat na die vervaldatum daarvan ontvang is nie, tensy die aansoek binne 90 dae na sodanige vervaldatum ontvang is en die bykomende geld wat voorgeskryf is, betaal is.

10 Beëindiging van registrasie of goedkeuring

(1) Die registrateur kan te eniger tyd die registrasie van 'n semenopvanger, insemineerder, embryo-opvanger, embryo-oorplaser of invoeragent, of van 'n perseel as 'n sentrum, beëindig, en hy of sy kan die goedkeuring van 'n dier intrek indien hy of sy oortuig is dat-

(a) 'n vereiste van hierdie Wet of 'n voorwaarde in artikel 8 (8) bedoel, of artikel 8 (8) soos toegepas deur artikel 9 (2) (b), na gelang van die geval, nie nagekom is nie; of

(b) in die geval van die goedkeuring van 'n dier, die dier nie meer aan die vereistes van artikel 7 (4) voldoen nie.

(2) Indien die registrateur die registrasie van 'n semenopvanger, insemineerder, embrio-opvanger, embrio-oorplaser, of invoeragent, of van 'n perseel as 'n sentrum, beëindig of die goedkeuring van 'n dier intrek, stel hy of sy die persoon aan wie die betrokke sertifikaat uitgereik is, skriftelik daarvan in kennis en van die gronde waarop dit gebaseer is.

(3) Indien die registrateur gronde het om die registrasie van 'n groep persone as 'n dieretelersgenootskap, of van 'n dieretelersgenootskap of 'n groep van dieretelersgenootskappe as 'n registrerende owerheid, te beëindig, maak hy of sy ingevolge artikel 22 'n klagte by die Minister aanhangig.

11 Dieretelersgenootskap

(1) 'n Groep persone kan as 'n dieretelersgenootskap geregistreer word indien-

- (a) die soort dier of 'n bepaalde ras van so 'n soort dier waarby so 'n groep persone betrokke is ingevolge artikel 2 as 'n dier vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar is;
- (b) geen ander sodanige registrasie ten opsigte van 'n dieretelersgenootskap wat betrokke is by dieselfde soort dier of ras van so 'n soort dier toegestaan is nie;
- (c) die grondwet van so 'n groep persone spesifiek voorsiening maak-
 - (i) vir die bevordering, teelt, aantekening of registrasie, genetiese verbetering en gebruik van 'n soort dier of van 'n dier van 'n bepaalde ras van so 'n soort dier;
 - (ii) vir die bepaling en toepassing van rasstandaarde, en vir die aanbeveling in sy uitsluitlike diskresie, aan 'n registrerende owerheid van die aantekening of registrasie van 'n dier of dier van 'n bepaalde ras wat in die Republiek geteel of ingevoer;
 - (iii) vir 'n voortdurende verbintenis tot diereverbetering;
 - (iv) vir die wyse waarop die grondwet gewysig kan word; en
- (d) daardie groep persone voldoen aan die ander vereistes wat voorgeskryf is.

(2) 'n Dieretelersgenootskap of groep dieretelersgenootskappe kan as registrerende owerheid met betrekking tot die soort dier of soorte diere van 'n bepaalde ras of rasse van sodanige soorte diere geregistreer word, indien-

- (a) geen ander sodanige registrasie ten opsigte van 'n registrerende owerheid wat betrokke is by dieselfde dier of ras van 'n dier toegestaan is nie: Met dien verstande dat indien 'n ander registrerende owerheid voorheen as sodanig ten opsigte van 'n bepaalde soort dier of 'n bepaalde ras van so 'n soort dier geregistreer is, die registrateur, met behoorlike inagneming van die besluit van die meerderheid van die telers wat as sodanig by die dieretelersgenootskap betrokke by so 'n soort dier of ras van so 'n soort dier geregistreer is, 'n aansoek in artikel 8 (3) bedoel kan toestaan;
- (b) die grondwet van die registrerende owerheid voorsiening maak dat-
 - (i) voordat enige inligting met betrekking tot 'n individuele dier aanvaar is en die dier geregistreer of aangeteken word, daardie inligting onderwerp sal word aan verifikasie ten opsigte van die korrektheid van ouerskap, die tussengeboorteperiode van die moeder, die eienaarskap van die ouers ten tyde van dekking en die geboorte van die dier;

- (ii) die wyse van verifikasie van alle registrasiebesonderhede, die wyse waarop rekords geskep en gehou word en dat die inhoud van die rekords sal voldoen aan die vereistes deur die registrateur, in oorleg met alle ander registrerende owerhede bepaal;
 - (iii) die toepaslike geld indien enige, vir die registrasie van voor- of agtervoegsels en vir deelname aan die geïntegreerde registrasie en genetiese inligting-stelsel aan die organisasie in artikel 15 (3) (a) bedoel, betaal sal word;
 - (iv) 'n teler se reg op direkte deelname aan die geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel in geval van die nie-nakoming deur die dieretelersgenootskap van sy eie grondwet na die oordeel van die registrateur, erken word;
 - (v) die wyse waarop die grondwet gewysig kan word, omskryf word; en
- (c) daardie dieretelersgenootskap of groep dieretelersgenootskappe voldoen aan die ander vereistes wat voorgeskryf is.

12 Wysiging van grondwet

(1) 'n Dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid maak in sy grondwet voorsiening vir die wyse waarop daardie grondwet gewysig kan word: Met dien verstande dat bedoelde wysiging nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Wet of met die bepalings van die grondwet van die betrokke registrerende owerheid is nie.

(2) Die getal afskrifte wat voorgeskryf word van elke sodanige wysiging of van die gewysigde grondwet, moet binne 30 dae nadat die wysiging deur 'n algemene jaarvergadering goedgekeur is aan die registrateur voorgelê word.

(3) Indien die registrateur van mening is dat daardie wysiging met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is, moet hy of sy die betrokke dieretelersgenootskap of registrerende owerheid, na gelang van die geval, daarvan en van die gronde waarop die besluit geneem is, binne 30 dae skriftelik in kennis stel, waarop die wysiging nietig is.

13 Beperking op sekere handeling met betrekking tot diere en genetiese materiaal

(1) Niemand mag-

- (a) embryo's of eiselle opvang, evalueer, verwerk, verpak of opberg nie tensy-
 - (i) hy of sy ingevolge artikel 8 as 'n embryo-opvanger geregistreer is;
 - (ii) hy of sy die eienaar is van 'n dier waarvan die embryo's of eiselle opgevang, geëvalueer, verwerk, verpak of opgeberg word;
- (b) genetiese materiaal namens iemand anders invoer nie tensy hy of sy ingevolge artikel 8 as 'n invoeragent geregistreer is.

(2) Indien iemand wat ingevolge artikel 8 as 'n semenopvanger, insemineerder, embryo-opvanger of embryo-oorplaser geregistreer is, 'n dier kunsmatig insemineer of eiselle of embryo's na 'n ontvangende vroulike dier oordra, na gelang van die geval, moet hy of sy die eienaar van so 'n dier van 'n sertifikaat voorsien wat die voorgeskrewe besonderhede bevat.

14 Beperking op verkoop of invoer van genetiese materiaal

(1) Niemand mag genetiese materiaal wat binne die Republiek opgevang is of genetiese materiaal wat in die Republiek ingevoer is, verkoop nie tensy daardie genetiese materiaal vergesel gaan van die voorgeskrewe skriftelike waarborg.

(2) Niemand in subartikel (1) bedoel, mag adverteer dat die te verwekte nageslag

deur die gebruik van sodanige genetiese materiaal aangeteken of geregistreer sal word ingevolge enige rasstandaarde nie, tensy die dieretelersgenootskap betrokke by diere van dieselfde ras as die te verwekte nageslag, vooraf geskrewe goedkeuring verleen dat sodanige genetiese materiaal vanaf 'n stamboekdier van daardie bepaalde ras opgevang is en dat sodanige te verwekte nageslag kan kwalifiseer vir aantekening of registrasie in die kudderegister wat deur die registrerende owerheid vir daardie spesifieke soort dier of ras van so 'n dier gehou word.

15 Beperking op sekere handeling met betrekking tot stamboekdiere

(1) Niemand mag-

- (a) telers van stamboekdiere van 'n bepaalde ras as 'n dieretelersgenootskap verteenwoordig of aanspraak maak om hulle aldus te verteenwoordig nie;
- (b) adverteer dat hy of sy die teelt, aantekening of registrasie, genetiese verbetering en gebruik van 'n soort dier of 'n dier van 'n bepaalde ras van so 'n soort dier bevorder nie; of
- (c) rasstandaarde bepaal en toepas, of die aantekening of registrasie van 'n dier van 'n bepaalde ras of dier wat in die Republiek geteel of ingevoer is, by 'n registrerende owerheid aanbeveel nie,

tensy hy of sy ingevolge artikel 8 as dieretelersgenootskap geregistreer is.

(2) Niemand mag ten opsigte van die bepaalde soort dier of 'n bepaalde ras van so 'n soort dier-

- (a) 'n sertifikaat van registrasie van 'n dier wat in die Republiek geteel of daarin ingevoer is, uitreik nie;
- (b) 'n sertifikaat van aantekening van 'n dier wat in die Republiek geteel of daarin ingevoer is, uitreik nie; of
- (c) 'n sertifikaat met betrekking tot die besonderhede in die stamboom van 'n dier wat in die Republiek geteel of daarin ingevoer is, uitreik nie,

tensy hy of sy ingevolge artikel 8 as 'n registrerende owerheid geregistreer is.

(3) (a) 'n Sertifikaat in subartikel (2) (a) of (b) bedoel, word slegs uitgereik indien die betrokke registrerende owerheid namens die teler van die betrokke dier 'n voor- of agtervoegsel, wat die diere deur hom of haar geteel, aandui, by die organisasie, wat deur die Departement gekontrakteer is om die geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel te bedryf, geregistreer het.

(b) So 'n voor- of agtervoegsel word geregistreer op die voorwaardes en teen betaling van die gelde wat bepaal word deur die organisasie in paragraaf (a) bedoel, en die registrasie van die voor- of agtervoegsel word in stand gehou teen die periodieke betaling van die gelde en op die voorwaardes wat bepaal is, en daardie organisasie moet 'n sertifikaat ten opsigte van elke sodanige registrasie uitreik.

(c) 'n Voor- of agtervoegsel wat ten gunste van iemand geregistreer is, mag nie deur enigiemand anders as 'n voor- of agtervoegsel of op enige ander wyse gebruik word om 'n dier deur sodanige ander persoon geteel, aan te dui nie.

(4) 'n Bevoegdheid wat ingevolge subartikel (2) slegs by 'n registrerende owerheid berus, word nie so uitgelê nie dat dit-

- (a) die teler van 'n dier wat nie by 'n registrerende owerheid geregistreer of aangeteken is, verbied om besonderhede van die stamboom van daardie dier skriftelik of andersins te verstrek nie; of
- (b) iemand verbied om besonderhede van die stamboom van 'n dier wat op die

sertifikaat van registrasie of aantekening daarvan weergegee word, skriftelik of andersins te verstrek nie.

16 Invoer van diere en genetiese materiaal

(1) Niemand mag in die Republiek-

- (a) 'n diere invoer met die doel om so 'n diere aan te teken of te registreer ingevolge enige rasstandaarde nie; of
- (b) genetiese materiaal invoer met die doel om die te verwekte nageslag van sodanige genetiese materiaal aan te teken of te registreer volgens enige rasstandaarde nie,

tensy daardie invoer skriftelik deur die registrateur gemagtig is.

(2) Iemand wat 'n magtiging ingevolge subartikel (1) wil bekom, moet op die voorgeskrewe wyse en in die vorm deur die registrateur bepaal by die registrateur daarom aansoek doen en die voorgeskrewe aansoekgeld op die voorgeskrewe wyse betaal.

(3) (a) Die registrateur oorweeg so 'n aansoek met inagneming van die rasstandaarde wat in sy of haar besit is en wat neergelê is ingevolge die grondwet van die dieretelersgenootskap wat betrokke is by die soort diere waaraan so 'n diere of genetiese materiaal wat vir invoer bestem is, behoort.

(b) Die betrokke dieretelersgenootskap moet die registrateur skriftelik voorsien van die rasstandaarde in paragraaf (a) bedoel, telkens wanneer wysigings daaraan aangebring word, asook van inligting in verband met die voorkoms van swak prestasies of erflike gebreke by 'n diere buite die Republiek waarvan genetiese materiaal afkomstig is.

(c) Indien die registrateur van oordeel is dat die rasstandaarde nie met 'n bepaling van hierdie Wet bestaanbaar is nie, of dat dit om die een of ander rede ongewens is, kan hy of sy sodanige standaarde na die betrokke dieretelersgenootskap verwys met 'n skriftelike versoek om 'n aanbeveling daaromtrent te maak op grond van die oorwegings in die versoek vermeld.

(4) Indien die registrateur besluit om 'n aansoek toe te staan-

- (a) magtig hy of sy die betrokke invoer skriftelik, en moet hy of sy onverwyld 'n afskrif van die magtiging in subartikel (1) bedoel, aan die betrokke dieretelersgenootskap en registrerende owerheid stuur; en
- (b) is die magtiging in paragraaf (a) bedoel, onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes of, vir sover dit nie strydig met sodanige voorwaardes of die bepalings van hierdie Wet is nie, die voorwaardes wat die registrateur bepaal het.

(5) 'n Voorwaarde in subartikel (4) (b) bedoel, kan 'n vereiste betreffende die gehalte daarvan insluit.

(6) Indien die registrateur so 'n aansoek weier, stel hy of sy die aansoeker skriftelik in kennis van sy of haar beslissing en die gronde waarop dit gebaseer is.

(7) 'n Magtiging ingevolge hierdie artikel stel nie die gemagtigde persoon vry van die bepalings van enige ander wet met betrekking tot die invoer van enigiets in die Republiek nie.

(8) (a) Indien-

- (i) 'n persoon wat 'n diere of genetiese materiaal in die Republiek ingevoer het-
 - (aa) so 'n diere of genetiese materiaal strydig met die bepalings van hierdie Wet ingevoer of gebruik het;

- (bb) inligting in of in verband met sy of haar aansoek om so 'n dier of genetiese materiaal in te voer aan die registrateur verstrek het wat in 'n wesenlike opsig nie waar is nie; of
- (cc) 'n voorwaarde ingevolge waarvan hy of sy kragtens hierdie artikel gemagtig is om 'n dier of genetiese materiaal in te voer, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen; of
- (ii) die registrateur te eniger tyd van oordeel is dat 'n dier of genetiese materiaal wat so 'n persoon kragtens hierdie artikel gemagtig was om in te voer skadelik is vir diereverbetering in die Republiek,

kan die registrateur, hetsy strafregtelike stappe ingevolge hierdie Wet teen so 'n persoon ingestel is of nie, hom of haar by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gelas om voor 'n bepaalde datum so 'n dier of genetiese materiaal op eie koste te vernietig of uit die Republiek te verwyder.

(b) Indien so 'n dier of genetiese materiaal nie voor die datum in paragraaf (a) bedoel, vernietig of uit die Republiek verwyder is nie, word daardie dier of genetiese materiaal aan die Staat verbeur en vernietig of word daarvoor beskik op die wyse wat die registrateur bepaal.

(c) Koste deur die Staat aangegaan in verband met die vernietiging van of beskikking oor 'n dier of genetiese materiaal ingevolge paragraaf (b), kan van die persoon in paragraaf (a) bedoel, verhaal word.

17 Uitvoer van diere en genetiese materiaal van landras

(1) Niemand mag 'n dier of genetiese materiaal van 'n landras uit die Republiek uitvoer nie tensy so 'n uitvoer skriftelik deur die registrateur gemagtig is.

(2) Die bepalings van artikel 16 (4), (5), (6), (7) en (8) is met die nodige veranderinge van toepassing vir die doeleindes van hierdie artikel.

18 Verbod op vals of misleidende advertensies

(1) Niemand mag 'n vals of misleidende advertensie met betrekking tot-

- (a) die stamboom- of prestasiebesonderhede van 'n dier;
- (b) die verkoop van 'n dier of genetiese materiaal; of
- (c) die aanbod van semenopvang, embryo-opvang, kunsmatige inseminering, of die oorplasing van eiselle en embryo's na ontvanger vroulike diere,

publiseer of versprei nie of so 'n advertensie laat publiseer of versprei nie.

(2) Indien iemand anders as die persoon wat die stamboom- of prestasiebesonderhede van 'n dier adverteer, 'n dier of genetiese materiaal verkoop of die semenopvang, embryo-opvang, kunsmatige inseminering of oorplasing van eiselle en embryo's na ontvanger vroulike diere of diere waarop die vals of misleidende advertensie betrekking het uitvoer, aangekla word van 'n oortreding van subartikel (1), is dit 'n voldoende verdediging as hy of sy bewys dat hul nie geweet het nie of daar nie redelikerwys van hom of haar verwag kon word om te geweet het nie dat die advertensie in enige opsig vals of misleidend was, tensy bewys word dat die beskuldigde versuim het om op versoek van die registrateur of 'n polisiebeampte die naam en adres te verstrek van die persoon op wie se versoek die advertensie gepubliseer of versprei is.

19 Vertroulikheid

Niemand mag inligting wat deur hom of haar by die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet, of die grondwet van 'n dieretelersgenootskap, of

die grondwet van 'n registrerende owerheid verkry is en wat op die besigheid of sake van 'n ander persoon betrekking het, sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van so 'n ander persoon, aan iemand anders openbaar nie, behalwe wanneer daar deur 'n hof of kragtens enige wet vereis word dat hy of sy dit doen.

20 Instelling van skemas

(1) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n skema instel vir die evaluering en sertifisering van die prestasie van diere of 'n soort ras van 'n dier in die kennisgewing bepaal, met die doel om die genetiese produksievermoë van sodanige diere te verbeter: Met dien verstande dat 'n koste voordeel-analise van so 'n skema uitevoer is.

(2) Verskillende skemas kan ingestel word vir verskillende soorte diere of verskillende rasse van soorte diere, en die vereistes in 'n skema vir sodanige verskillende diere kan verskil.

(3) Die Minister kan in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) waarby 'n skema ingestel word-

- (a) die persoon of liggaam aanwys wat die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat ingevolge genoemde kennisgewing verleen of opgelê is; en
- (b) daardie persoon of liggaam magtig om reëls op te stel in oorleg met die organisasie wat deur die Departement gekontrakteeer is om die geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel te bedryf,

onder die voorwaardes wat die Minister in die kennisgewing bepaal.

21 Inspeksie

(1) Die registrateur of 'n beampte in artikel 3 (2) (a) bedoel kan die werksaamhede van 'n inspekteur in subartikel (3) bedoel, verrig.

(2) Die registrateur voorsien 'n beampte in artikel 3 (2) (a) bedoel van 'n sertifikaat dat hy of sy gemagtig is om as inspekteur ingevolge hierdie Wet op te tree.

(3) 'n Inspekteur kan, op gesag van 'n lasbrief ingevolge subartikel (4) uitgereik-

- (a) te eniger redelike tyd 'n perseel betree met betrekking waartoe hy of sy rede het om te glo dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg is of word, ten einde ondersoek in te stel en getuienis te verkry;
- (b) enige dier of genetiese materiaal waarop hierdie Wet van toepassing is en wat in of op daardie perseel gevind word, ondersoek of toets of laat ondersoek of toets;
- (c) enige toerusting, materiaal, stof of ander artikel wat gebruik word of vermoed word dat dit gebruik word by of in verband met die opvang, evaluering, verwerking, verpakking of opberging van genetiese materiaal of die kunsmatige inseminasie of oorplasing van eiselle of embryo's in ontvangende, vroulike diere, ondersoek of toets of laat ondersoek of toets;
- (d) die bedrywighede of prosesse in verband met enige optrede in paragraaf (c) bedoel, inspekteer, en van die eienaar of toesighouer oor die dier, genetiese materiaal, toerusting, materiaal, stof of ander betrokke artikel, of van die persoon wat dit in sy of haar bewaring het, of wat oor daardie bedrywighede of prosesse toesig hou, enige inligting of 'n verduideliking rakende die bedrywigheid, proses, dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel eis: Met dien verstande dat daardie inligting of verduideliking slegs toelaatbaar is as getuienis in 'n geregshof teen so 'n eienaar of persoon op 'n klag in artikel 25 (1) (b) bedoel;

- (e) sodanige monsters van die bloed van 'n dier of van genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel neem of laat neem wat hy of sy nodig ag, en vir dié doel enige houër oopmaak waarin daardie genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel bevat is en van die eienaar of die persoon wat daardie dier, genetiese materiaal, stof of ander artikel onder sy of haar bewaring het redelike bystand vereis;
- (f) enige boek of stuk ten opsigte waarvan hy of sy op redelike gronde vermoed dat dit op sodanige dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel betrekking het, nagaan en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak, ongeag of dit by die betrokke plek, perseel of vervoermiddel of by 'n ander plek gehou word, en van die eienaar van daardie boek of stuk of van die persoon wat dit in sy of haar bewaring het, 'n verduideliking betreffende enige aantekening of inskrywing daarin vereis: Met dien verstande dat sodanige verduideliking slegs as getuienis in 'n geregshof teen daardie eienaar of persoon toelaatbaar is op 'n aanklag in artikel 25 (1) (b) bedoel; en
- (g) op enige aantal diere, of op die geheel, of op enige deel van genetiese materiaal, materiaal, stof of artikel, of op enige boek of dokument beslag lê.

(4) (a) 'n Lasbrief bedoel in subartikel (3) word deur 'n regter van die Hoë hof of 'n landdros wat regsbevoegdheid het in die gebied waar die betrokke perseel geleë is, uitgereik, en word slegs uitgereik indien dit blyk uit inligting onder eed dat daar redelike gronde is om te glo dat 'n dier, genetiese materiaal, toerusting, materiaal, stof of ander artikel in subartikel (3) (b) of (c) bedoel, op of in sodanige perseel is, en moet aandui welke van die handeling in daardie subartikel bedoel daarkragtens verrig mag word deur die persoon aan wie dit uitgereik is.

(b) 'n Lasbrief wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, word gedurende die dag uitgevoer en word met streng oorweging van behoorlikheid en orde uitgevoer.

(5) 'n Inspekteur wat 'n lasbrief ingevolge hierdie artikel uitvoer, moet onmiddellik voor hy of sy met die uitvoering begin-

- (a) homself of haarself identifiseer aan die persoon in beheer van die perseel indien sodanige persoon teenwoordig is, en 'n afskrif van die lasbrief aan sodanige persoon oorhandig of indien sodanige persoon nie teenwoordig is nie, sodanige afskrif op 'n opvallende plek by die perseel aanbring;
- (b) aan sodanige persoon, op daardie persoon se versoek, die sertifikaat in subartikel (2) bedoel, toon.

(6) (a) 'n Monster wat ingevolge subartikel (3) (e) geneem is, moet so gou moontlik nadat dit geneem is, aan 'n persoon oorhandig word wat bevoeg is om daardie monster te toets, te ondersoek of te analiseer.

(b) 'n Inspekteur reik met betrekking tot elke monster wat geneem is, op versoek van die betrokke persoon, 'n bewys van die monster uit aan die persoon wat so 'n dier of genetiese materiaal in sy of haar bewaring het.

(7) (a) Die betrokke inspekteur kan enige hoeveelheid diere, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel, of 'n boek of stuk, waarop aldus beslag gelê is, van die plek, perseel of vervoermiddel waar hy of sy beslag daarop gelê het, verwyder of daarop laat en, indien hy of sy dit nodig ag, enige identifikasiemerk of seël wat hy of sy nodig

ag, op sodanige dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel, of die houer daarvan, of op sodanige boek of stuk, aanbring.

(b) Die registrateur kan-

- (i) magtiging verleen dat 'n dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel waarop daar ingevolge subartikel (3) (g) beslag gelê is, binne die tydperk en op die wyse in so 'n magtiging vermeld, behandel of mee gehandel mag word;
- (ii) indien hy of sy oortuig is dat die oorsaak vir die betrokke beslaglegging deur sodanige behandeling of handeling verwyder is, daardie dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel teruggee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is.

(c) Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n dier, genetiese materiaal of materiaal, stof of ander artikel waarop ingevolge subartikel (3) (g) beslag gelê is nie, of indien dit blyk dat sodanige dier, genetiese materiaal, materiaal, stof of ander artikel nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewing of 'n hofbevel nodig is nie, word daardie dier, genetiese materiaal, stof of ander artikel teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is.

22 Klagtes teen dieretelersgenootskappe en registrerende owerhede

(1) Indien 'n klagte by die Minister ingedien word dat 'n dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid die oogmerke waarvoor 'n registrasiesertifikaat daaraan uitgereik is, nie behoorlik bereik het nie of waarskynlik nie behoorlik sal bereik nie, kan hy of sy die klagte vir ondersoek verwys na 'n komitee bestaande uit drie lede wat na die oordeel van die Minister deskundige kennis aangaande die onderwerp van die klagte het en wat deur die Minister aangestel word, van wie hy of sy een as die voorsitter van die komitee aanwys.

(2) Die Minister moet minstens een maand voor die aanvang van sodanige ondersoek daardie dieretelersgenootskap of registrerende owerheid skriftelik in kennis stel van die handeling of versuim wat die onderwerp van die ondersoek sal uitmaak en van die datum waarop die ondersoek 'n aanvang neem, en die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid is geregtig om by die ondersoek deur regsverteenvoerding verteenwoordig te word.

(3) Die bepalinge van artikel 23 (4), (5), (6), (7) en (8) is met die nodige veranderinge van toepassing met betrekking tot 'n ondersoek in subartikel (1) bedoel.

(4) Indien die komitee in subartikel (1) bedoel, bevind dat die betrokke dieretelersgenootskap of registrerende owerheid die oogmerke in subartikel (1) bedoel, nie behoorlik bereik het nie of waarskynlik nie behoorlik sal bereik nie, kan die Minister die registrasie van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid beëindig of opskort vir die tydperk deur hom of haar bepaal, waarop die bevoegdhede van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid vir die tydperk van opskorting of, in die geval van die beëindiging van die registrasie, na gelang van die geval, tydelik oorgaan op die betrokke registrerende owerheid of permanent oorgaan op 'n ander registrerende owerheid deur die Minister bepaal.

(5) Indien 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid uit eie beweging besluit om in ooreenstemming met sy grondwet te ontbind of indien die registrasie van 'n dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid ingevolge subartikel (4) beëindig word, word die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid ontbind, en vanaf die

datum van bedoelde ontbinding word oor al die bates, laste, regte en verpligtinge van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid beskik soos in die grondwet van die betrokke dieretelersgenootskap of die registrerende owerheid bepaal.

(6) (a) Die registrateur gee in die *Staatskoerant* kennis van die beëindiging ingevolge subartikel (4), van die registrasie van 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid;

(b) Die registrateur skrap die naam van so 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid uit die register.

(c) Die registrateur stel die Registrateur van Maatskappye in kennis van sodanige beëindiging, waarop die Registrateur van Maatskappye die naam van die dieretelersgenootskap of registrerende owerheid uit die register van maatskappye skrap.

(7) 'n Lid van die komitee in subartikel (1) bedoel, wat nie in die heelydse diens van die Staat is nie, kan die toelaes betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

23 Appèlle

(1) Iemand wie se belange geraak word deur 'n beslissing of lasgewing van die registrateur kragtens hierdie Wet, kan teen sodanige beslissing of lasgewing appelleer na 'n appèlraad wat vir doeleindes van die betrokke appèl deur die Direkteur-generaal aangestel word.

(2) 'n Appèl in subartikel (1) bedoel, word binne die voorgeskrewe tydperk op die voorgeskrewe wyse aangeteken, en die voorgeskrewe geld is ten opsigte van sodanige appèl betaalbaar.

(3) 'n Appèlraad bestaan uit-

(a) iemand wat op grond van sy of haar regs kennis aangestel is, en wat as voorsitter van die appèlraad optree; en

(b) twee persone wat, na die oordeel van die Direkteur-generaal, deskundige kennis van die onderwerp van die appèl dra.

(4) Iemand wat 'n regstreekse of onregstreekse belang by die uitslag van die appèl het, word nie ingevolge subartikel (1) aangestel nie.

(5) Al die lede van 'n appèlraad maak 'n kworum vir 'n vergadering van daardie appèlraad uit.

(6) 'n Appèl word aangehoor op die datum, plek en tyd deur die voorsitter van die appèlraad bepaal, en hy of sy stel die appellant en die registrateur skriftelik daarvan in kennis.

(7) Die voorsitter van 'n appèlraad kan vir die doeleindes van die aanhoor van 'n appèl-

(a) iemand wat na sy of haar oordeel wesenlike inligting kan verstrek aangaande die onderwerp van die verhoor of wat 'n stuk wat betrekking het op die onderwerp van die verhoor in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer het, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor hom of haar te verskyn om ondervra te word of om daardie stuk voor te lê, en die voorsitter kan 'n stuk wat aldus voorgelê is, vir ondersoek behou;

(b) iemand wat by die verhoor as 'n getuie opgeroep word, 'n eed oplê of 'n bevestiging van hom of haar aanneem; en

(c) iemand wat by die verhoor aanwesig is, as 'n getuie oproep en hom of haar

ondervra en hom of haar aansê om enige stuk in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer voor te lê.

(8) Die prosedure by die verhoor van die appèl word deur die voorsitter bepaal.

(9) Die appellant, indien hy of sy voor 'n appèlraad by die aanhoor van 'n appèl verskyn, en die registrateur kan van regsverteenvoerding gebruik maak.

(10) 'n Appèlraad-

(a) moet 'n beslissing maak binne 90 dae nadat dit ingevolge subartikel (1) aangestel is;

(b) kan die betrokke beslissing of lasgewing waarteen geappelleer word, bekragtig, tersyde stel of wysig; en

(c) kan die bevel in verband daarmee uitreik wat dit dienstig ag.

(11) Die beslissing van 'n appèlraad tesame met die redes daarvoor moet op skrif wees, en afskrifte daarvan moet aan die registrateur en die appellant voorsien word.

(12) Indien 'n appèlraad 'n beslissing of optrede tersyde stel, word die voorgeskrewe geld wat deur die appellant ten opsigte van die betrokke appèl betaal is, aan hom of haar terugbetaal, of, indien die appèlraad die betrokke beslissing of optrede wysig, kan dit na goeddunke gelas dat al die geld of die gedeelte daarvan wat die raad bepaal aan die appellant terugbetaal word.

(13) 'n Lid van die appèlraad en iemand wat kragtens subartikel (7) (c) gedagvaar is wat nie in die heelydse diens van die Staat is nie, kan die toelaes betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

24 Staat nie vrygestel van gelde nie

Die Staat is nie vrygestel nie van enige gelde ingevolge hierdie Wet betaalbaar.

25 Misdrywe en strawwe

(1) Iemand wat-

(a) 'n valse inskrywing in die register maak of laat maak, of wat 'n afskrif maak of laat maak wat valslik voorgee 'n afskrif van 'n inskrywing in die register te wees, of wat so 'n inskrywing of so 'n afskrif daarvan as getuienis voorlê of aanbied of laat voorlê of aanbied;

(b) weier of versuim om inligting te verstrek of 'n verduideliking te verskaf of na sy of haar beste vermoë te antwoord op 'n vraag wat regtens deur 'n persoon in artikel 21 (1) bedoel, by die uitoefening van sy of haar bevoegdheid of die verrigting van sy of haar pligte kragtens hierdie Wet van hom of haar geëis of aan hom of haar gestel word, of aan sodanige persoon inligting, 'n verduideliking of 'n antwoord verstrek wat vals of misleidend is, wetende dat dit vals of misleidend is;

(c) nadat hy of sy behoorlik gedagvaar is om by verrigtinge ingevolge artikel 23, of artikel 23 soos toegepas deur artikel 22, te verskyn, sonder wettige rede versuim om aldus te verskyn;

(d) nadat hy of sy as 'n getuie by verrigtinge ingevolge artikel 23, of artikel 23 soos toegepas deur artikel 22, verskyn het, sonder wettige rede weier om beëdig te word of 'n bevestiging te doen of om 'n stuk voor te lê of 'n vraag te beantwoord wat hy of sy regtens aangesê kan word om voor te lê of te beantwoord;

(e) in stryd met artikel 13 (1) embryo's of eiselle opvang, evalueer, verwerk, verpak of opberg of genetiese materiaal namens iemand anders invoer;

- (f) in stryd met artikel 13 (2) versuim om die eienaar van 'n dier van die voorgeskrewe sertifikaat te voorsien;
- (g) in stryd met artikel 14 (1) genetiese materiaal verkoop of invoer;
- (h) in stryd met artikel 14 (2) adverteer;
- (i) 'n valse of misleidende verklaring maak-
 - (i) in of in verband met 'n aansoek ingevolge hierdie Wet; of
 - (ii) by die verkoop van 'n dier of genetiese materiaal of by die lewering van dienste betreffende die kunsmatige inseminering of die oorpasing van eiselle of embryo's na ontvangende vroulike diere of die opvang, evaluering, verwerking, verpakking of etikettering van genetiese materiaal;
- (j) 'n sentrum bestuur wat nie aan die vereistes in artikel 7 (3) voldoen nie of wat 'n perseel wat nie kragtens hierdie Wet as 'n sentrum geregistreer is nie, gebruik vir bedrywighede in verband met die opvang, evaluering, verwerking, verpakking, etikettering, opberging, vervoer en verkoop van genetiese materiaal;
- (k) 'n dier of genetiese materiaal in stryd met artikel 16 in die Republiek invoer;
- (l) enige voorwaarde waaronder hy of sy kragtens artikel 16 (4) (b) gemagtig is om enige dier of genetiese materiaal in die Republiek in te voer, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (m) enige dier of genetiese materiaal van 'n landras in stryd met artikel 17 uit die Republiek uitvoer;
- (n) met 'n monster geneem of 'n dier, toerusting, genetiese materiaal, 'n boek, stuk of ander artikel waarop kragtens hierdie Wet beslag gelê is, peuter;
- (o) in stryd met die bepalings van artikel 15 (1) as dieretelersgenootskap optree;
- (p) nie 'n registrerende owerheid is nie, wat, behalwe onder die omstandighede in artikel 15 (4) bedoel, skriftelike besonderhede van die registrasie of aantekening van 'n dier wat in die Republiek geteel of daarin ingevoer is, verstrek, of die stambome van diere sertifiseer, publiseer of andersins bekend maak;
- (q) 'n voor- of agtervoegsel wat nie ingevolge artikel 15 (3) geregistreer is nie, as 'n voor- of agtervoegsel of op 'n ander wyse gebruik om diere wat deur hom of haar geteel is, aan te dui of wat 'n voor- of agtervoegsel wat ingevolge daardie artikel ten gunste van iemand anders geregistreer is, aldus gebruik;
- (r) by die verstrekking van besonderhede onder die omstandighede in artikel 15 (4) bedoel, 'n vals verklaring met betrekking tot die afstamming van 'n dier maak;
- (s) 'n bepaling van artikel 18 (1) oortree;
- (t) die bepalings van artikel 19 oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar-

- (i) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (c), (d), (f), (h), (s) of (t) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar;
- (ii) in die geval van-

- (aa) 'n eerste skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (a), (b), (p), (q) of (r) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar; of
- (bb) 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan 'n misdryf in item (aa) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar;
- (iii) in die geval van-
 - (aa) 'n eerste skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (e), (g), (i), (j), (k), (l), (m), (n) of (o) bedoel, met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar; of
 - (bb) 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan 'n misdryf in item (aa) bedoel, hetsy dit dieselfde misdryf of 'n ander misdryf in item (bb) bedoel, met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar.

(2) Die hof wat iemand weens 'n misdryf kragtens hierdie Wet skuldig bevind, kan op aansoek van die aanklaer enige dier of genetiese materiaal ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is en alle ander diere of genetiese materiaal van 'n soortgelyke aard waarvan daardie persoon die eienaar is of wat hy of sy in sy of haar besit het, aan die Staat verbeurd verklaar.

(3) Oor iets wat kragtens subartikel (2) verbeur is, word beskik op die wyse wat deur die Direkteur-generaal gelas word.

(4) Koste aangegaan ten opsigte van optrede kragtens subartikel (3) kan op die veroordeelde verhaal word.

(5) 'n Landdroshof is bevoeg om enige straf op te lê waarvoor hierdie artikel voorsiening maak.

26 Vermoedens en bewys

In enige vervolging kragtens hierdie Wet-

- (a) word enige genetiese materiaal wat in of op 'n plek, perseel, voertuig of vaartuig is wanneer 'n monster daarvan ingevolge artikel 21 (3) (e) geneem word, vermoed tensy die teendeel bewys word, in dieselfde toestand te wees of dieselfde eienskappe te besit as daardie monster;
- (b) is 'n verklaring of inskrywing bevat in 'n boek of stuk deur iemand, of deur die bestuurder, agent of werknemer van so iemand, gehou, of gevind op of in 'n perseel geokkupeer deur, of 'n voertuig of vaartuig gebruik in die besigheid van iemand, toelaatbaar as getuienis teen so iemand as 'n erkenning van die feite uiteengesit in daardie verklaring of inskrywing, tensy dit bewys word dat sodanige verklaring of inskrywing nie deur so iemand of deur die bestuurder, agent of werknemer van so iemand in die loop van sy of haar werk as bestuurder of in die loop van sy of haar agentskap of diens gemaak is nie.

27 Delegering van bevoegdheid en opdra van pligte

(1) Die Minister kan 'n bevoegdheid of plig by hierdie Wet aan hom of haar verleen of hom of haar opgelê, uitgesonderd 'n bevoegdheid by artikel 29 verleen, aan 'n beampte in die Departement in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde aangeleentheid, delegeer of opdra.

(2) 'n Dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid kan 'n bevoegdheid of

plig by hierdie Wet aan hom verleen of hom opgelê, skriftelik aan sy uitvoerende liggaam, wat ingevolge sy grondwet verkies is, of aan amptenare van so 'n dieretelersgenootskap of 'n registrerende owerheid, in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde aangeleentheid, delegeer of opdra.

28 Regulasies

(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig-

- (a) wat 'n sertifikaat of ander stuk of vorm voorskryf wat vir die doeleindes van hierdie Wet uitgereik of gebruik moet word;
- (b) wat die geldigheidsduur en voorwaardes van 'n sertifikaat of magtiging wat kragtens hierdie Wet uitgereik word, voorskryf;
- (c) wat die gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van 'n aansoek, ondersoek, aangeleentheid of stuk;
- (d) wat die vereistes waaraan voldoen moet word vir die registrasie van 'n semenopvanger, insemineerder, embryo-opvanger, embryo-oorplaser of invoeragent as sodanig, of 'n perseel as 'n sentrum, of 'n dieretelersgenootskap, of 'n registrerende owerheid of vir die goedkeuring van 'n skenkerdier vir die doeleindes van die opvang van genetiese materiaal, en die voorwaardes waarop sodanige registrasie of goedkeuring geskied, voorskryf;
- (e) wat die wyse waarop die tegniese bedrywighede by 'n sentrum met betrekking tot die versorging en die gesondheidstoestand van diere wat daar gehou word en die opvang, evaluering, verpakking, etikettering, opberging en verkoop van semen, embryo's of eiselle gereël moet word, die toesig oor daardie bedrywighede, die periodieke ondersoek van diere wat by 'n sentrum gehou word en die toerusting wat by 'n sentrum gebruik moet word, voorskryf;
- (f) wat die wyse waarop 'n skenkerdier wat vir die opvang van genetiese materiaal goedgekeur is en die genetiese materiaal wat daarvan opgevang is, geïdentifiseer moet word, voorskryf;
- (g) wat die eienskappe van 'n waarborg voorskryf wat in verband met die verkoop van genetiese materiaal gegee moet word;
- (h) met betrekking tot 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word,

en, in die algemeen, met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf of te reël ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik of te bevorder, en die algemeenheid van hierdie bepaling word nie deur die voorafgaande paragrawe van hierdie subartikel beperk nie.

(2) Verskillende regulasies kan ingevolge hierdie artikel uitgevaardig word ten opsigte van verskillende diere of ten opsigte van verskillende klasse semenopvangers, insemineerders, embryo-opvangers, embryo-oorplasers, invoeragente sentrums of dieretelersgenootskappe of registrerende owerhede.

(3) 'n Regulasie kan vir 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen, 'n boete, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande voorskryf.

(4) Geen regulasies wat gelde voorskryf, word uitgevaardig nie, behalwe met die instemming van die Minister van Finansies.

29 Herroeping van wette en voorbehoude

(1) Hierdie Wet is op die hele nasionale grondgebied van die Republiek van toepassing.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), herroep hierdie Wet-

(a) die Wet in kolomme een en twee van die Bylae vermeld in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit; en

(b) enige wet met betrekking tot die verbetering van diere wat van toepassing was op die grondgebied van 'n entiteit wat voor die inwerkingtreddingsdatum van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993), wetgewende bevoegdheid gehad het met betrekking tot die verbetering van diere.

(3) (a) Die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging in artikel 22 van die Veeverbeteringswet, 1977 (Wet 25 van 1977), bedoel, word by die inwerkingtreding van artikel 8 van hierdie Wet geag 'n registrerende owerheid te wees wat ingevolge artikel 8 (7) (a) (ii) van hierdie Wet geregistreer is en wat die bevoegdhede van 'n registrerende owerheid met betrekking tot enige soort dier of bepaalde ras van 'n soort dier ten opsigte waarvan daar nie 'n registrerende owerheid bestaan nie, besit.

(b) 'n Veetelersgenootskap aan wie 'n sertifikaat van regs persoonlikheid ingevolge artikel 18 van die Veeverbeteringswet, 1977, uitgereik of in stand gehou is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, word by die inwerkingtreding van artikel 8 van hierdie Wet, geag 'n dieretelersgenootskap te wees wat ingevolge artikel 8 (7) (a) (i) van hierdie Wet geregistreer is.

(c) So gou moontlik na die inwerkingtreding van artikel 8 van hierdie Wet reik die registrateur kosteloos ingevolge artikel 8 (7) aan die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging in paragraaf (a) bedoel en elke dieretelersgenootskap in paragraaf (b) bedoel onderskeidelik 'n registrasiesertifikaat as registrerende owerheid en 'n registrasiesertifikaat as dieretelersgenootskap uit.

(d) Die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging in paragraaf (a) bedoel, het by die inwerkingtreding van artikel 15 van hierdie Wet die bevoegdhede van 'n dieretelersgenootskap in daardie artikel bedoel met betrekking tot enige soort dier of bepaalde ras van 'n soort dier ten opsigte waarvan daar nie 'n dieretelersgenootskap bestaan nie.

(e) Die registrateur reik so gou moontlik na die inwerkingtreding van artikel 8 van hierdie Wet gratis registrasiesertifikate ingevolge artikel 8 (6) aan alle partye in paragrawe (a), (b) en (c) bedoel uit.

30 Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie Wet heet die Wet op Diereverbetering, 1998, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Bylae

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet 25 van 1977	Veeverbeteringswet	Die geheel.
Wet 31 van 1984	Wysigingswet op Veeverbetering	Die geheel.
Wet 85 van 1990	Wysigingswet op Veeverbetering	Die geheel.
Wet 124 van 1993	Derde Algemene Regswysigingswet	Artikel 37.
Wet 60 van 1997	Wysigingswet op Veeverbetering	Die geheel.